| *Fases* | *0-1 jaar* | *1-3 jaar* | *3-5 jaar* | *6-12 jaar* | *13-16 jaar* | *17 en ouer* |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **Wat ons van ouers verwag** | Kyk na Kinderbybel prente en sing Bybel liedjies by die huis | Lees gereeld saam uit die Kinderbybel | Lees gereeld saam uit die Kinderbybel en begin gesels oor hulle dag | Kinders begin self leer lees, lees steeds saam uit die Bybel en hou aan gesels oor hulle dag | Kinders begin meer krities dink en onafhanklik raak. Maak Bybel lees en gesels oor die dag 'n gewoonte. Dit mag dalk nou rondom saam eet of saam ry plaasvind en nie voor slaap tyd nie | Hou aan om met kinders te gesels oor jou eie geloof en hulle te vra oor hulle dag. Help om die brug te slaan tussen dit wat hulle in die Bybel lees en alledaagse lewe. |
| | Woon gereeld eredienste by, selfs al sukkel jy/julle om self iets in te neem, kinders leer in hierdie fase dat kerk toe gaan deel is van julle huis se roetine en dat die eredienste en gemeente en geboue veilige ruimtes is | | kinders hou van stories en kan al begin stories en verse memoriseer, begin gesels oor die Bybel stories wat julle lees | Kinders begin vrae vra, begin ruimte skep vir langer gesprekke na Bybel lees, antwoord so eerlik en opreg as moontlik en skep die ruimte waar kinders oor enige iets en met enige vrae kan gesels. | Kinders dink meer krities maar sukkel nog om dit wat hulle lees en dit wat alledaags is met mekaar te verbind, jou leiding is baie nodig. | |
| | Wees lief vir jou kind en sorg vir hulle. Kinders leer hier, deur jou versorging en liefde, dat God ook vir hulle lief is en vir hulle omgee en na hulle luister as hulle huil | | | | Help jou kind/ers om 'n selfstandige stiltetyd roetine te vestig | |
| **'Bottomline'** | Vestig 'n roetine van saam Bybel lees en saam gesels oor die dag, hierdie roetine mag deur verskillende fases verander en aanpas. | | | | | |
| | Die voorbeeld van ouers wat hulle geloof uitleef bly altyd belangrik | | | | | |
| | Ouers is verantwoordelik om roetines van huis geloof te vestig by die huis | | | | | |
| **Wat ouers tydens eredienste kan verwag (Mylpaal viering)** | Doop (Kinderbybel) | | Gr. RR of R (Groter Kinderbybel) | Begin van groot skool (eie Bybel) | Oorgangsfase na jong adolessensie (stiltetyd boek) | Belydenis aflegging |
| | Die erediens sal 'n ruimte wees waar jou kinders maar mag beweeg en geluide maak en moeilik wees. Dit is 'n voorreg om hulle in die gemeenskap van gelowiges te ontvang en hulle leer dat die gemeente 'n veilige ruimte is en die mense wat daar aanbid ook hulle mense is. Jy mag dalk nie veel van die dienste hoor nie maar jou kind leer belangrike lesse deur saam met jou/julle op 'n Sondag in die kerk te wees | | | | | |
| **Wat ouers van kategese kan verwag** | 'n Veilige en warm welkom vir jou en jou kind/ers. | Eenvoudige knip, plak, inkleur aktiwiteite wat aansluit by die erediens en materiaal om by die huis die temas van die erediens verder te verken | | Materiaal wat kinders help om tydens eredienste die verskillende elemente van ons geloof raak te sien en daaroor te dink sowel as materiaal wat ouers by die huis kan gebruik om verder die temas en tekste van die erediens te verken | 'n veilige ruimte waar tieners saam met hulle portuurgroep kan wees en vrae vra (Bv. Koffiekroeg/kleingroep) | Belydenis kursus en gesprekke |
| **Wat ouers buiten kategese en eredienste kan verwag** | Ouerskap ondersteuning d.m.v. boek klub, 'date night', voorbereide maaltye ens. | | | | ondersteuning met kies van vakke | ondersteuning met kies van loopbaan |
| | | Materiaal en hulpmiddels om geloof by die huis te bevorder. Materiaal om met kinders oor temas en tekste wat in eredienste of kategese of by belydenis gesprekke behandel is verder by die huis te verken. Die hele gemeente is op dieselfde reis en alle materiaal sal dus wentel om die teks of tema wat op Sondae tydens die erediens behandel is. | | | | |
| | *Wat?* | *Hoe?* | | | | |
| **Hoe die gemeente gesinne kan ondersteun** | Maaltye | Die gemeente kan gesinne ondersteun deur maaltye voor te berei vir huise met pasgebore babas, wat deur 'n moeilike tyd gaan of net dood eenvoudig te besig is om by mekaar uit te kom. | | | | |
| | Emosionele en geestelike ondersteuning | Op kreatiewe maniere kan die gemeente jong gesinne en ouers ondersteun. Voorbeelde van hierdie tipe ondersteuning is gebedsgroepe wat spesifiek bid vir gesinne, boek klubs waar ouers kan gesels en mentorskap oor ouerskap kan ontvang en ondersteuningsgroep vir ouers in huishoudings waar daar verskeie tipes uitdagings kan wees. | | | | |
| | Veilige ruimte | Die gemeente kan hulle beste doen om die kerk 'n veilige ruimte te maak. Dit beteken dat kinders beskerm word, dat vreemdelinge nie vrye toegang tot kinders of inligting oor kinders het nie, dat kriminele agtergrond van vrywilligers by die kinderbediening na gegaan word ens. | | | | |
| **Beginsels van Familie bediening** | Die huis is die primêre spasie vir geloof vorming - ons sal ouers as primêre vormers van hulle kinders se geloof ondersteun | | | | | |
| | Kinders is altyd welkom in eredienste, dit is 'n voorreg om hulle as deel van die gemeenskap van gelowiges te hê en te verwelkom | | | | | |
| | Kinders is nie net welkom nie maar word genooi om deel te neem, gesien te word en in ag geneem te word | | | | | |